higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 2

(3011002)

19 Februarie 2025 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en ‘n antwoordboek van 16 bladsye.

078Q1S2519

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOëR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. GEEN bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
5. Gebruik die tabel hier onder as riglyn vir hoeveel tyd jy aan elke vraag moet spandeer.
6. Toon alle berekenings.
7. Gebruik slegs swart of blou ink.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A		**[80]**	
1	Meervoudigekeusevrae	20	15 minute
2	Kort teoretiese vrae	30	20 minute
3	Berekenings	30	20 minute
AFDELING B		**[120]**	
4	Joernale	40	50 minute
5	Oorboeking van algemene grootboek	30	30 minute
6	Finale rekeninge en balansstaat	30	30 minute
7	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	15 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Wanneer bedryfsuigawes minder as die bruto inkomste is, word ‘n ... gemaak.

A bruto wins
B bruto tekort
C netto verlies
D netto wins

1.2 Die verskil tussen bates en laste word die ... genoem.

A skuld van die onderneming
B eienaarsekwiteit
C inkomste van die onderneming
D kontantvloei

1.3 ‘n Publieke maatskappy eindig met ... in sy naam.

A (Bpk) Ltd
B Bpk
C BK
D (Edms) Bpk

1.4 ‘n Duplikaat-kasregisterrol is ‘n voorbeeld van ‘n ... brondokument.

A interne
B eksterne
C hulp-
D stawende

1.5 ‘n Oorspronklike aankoopfaktuur is ‘n voorbeeld van hierdie tipe dokument wat deur die onderneming ontvang word.

A Stawende
B Befondsings-
C Eksterne
D Interne

1.6 Die DBV (Dierebeskermingsvereniging) kan as ‘n ... organisasie beskou word.

A beperkte
B beslote korporasie
C nie-winsgerigte
D privaat

1.7 ‘n ... is ‘n voorbeeld van ‘n langtermynlas.

A Voorraaditem
B Verbandlening
C Masjien
D Krediteur

1.8 Rente op vaste deposito is ‘n ... rekening.

A inkomste-
B bate-
C uitgawe-
D laste-

1.9 ‘n ... word as ‘n tipe diensonderneming beskou.

A Skoenwinkel
B Vrugtewinkel
C Lekkergoedvervaardiger
D Prokureur

1.10 Indien ‘n toeslag van 40% by die kosprys van R65 gevoeg word, sal die verkoopprys ... wees.

A R91.
B R65.
C R26.
D R39.

1.11 In Suid-Afrika word ‘n .... as ‘n vorm van eienaarskap nie meer toegelaat om as ‘n nuwe onderneming te registreer nie.

A openbare maatskappy
B beslote korporasie
C privaat maatskappy
D vennootskap

1.12 Watter EEN van die volgende is ‘n uitgawe van ‘n onderneming?

A Vaste deposito
B Kantoorstoel
C Lone
D Rente op belegging

1.13 ‘n Niebedryfsbate word vir hierdie doel aangekoop.

A Herverkoop
B Die eienaar se gebruik
C Gebruik oor ‘n kort tydperk
D Gebruik oor ‘n lang tydperk

Kopiereg voorbehou

1.14 Die ... -rekening word gedebiteer wanneer debiteure hulle rekeninge betaal.

A debiteurekontrole
B verkope
C bank
D krediteurekontrole

1.15 Wanneer ‘n onderneming meer geld spandeer as wat dit verdien, maak dit ‘n ...

A verlies.
B wins..
C styging.
D voorskot.

1.16 Rekeningkunde word die beste verduidelik as ...

A verslagdoening en openbaarmaking van sommige transaksies aan ouditeure.
B die deel van finansiële ekonomiese inligting slegs met verskaffers.
C die totale netto waarde van ‘n onderneming.
D die optekening, ontleding en verslagdoening van transaksies.

1.17 ‘n ... ondersteun die kasboek en dui aan watter onttrekkings en deposito’s gemaak is.

A Bankstaat
B Uitgawestaat
C Bestuurstaat
D Inkomstestaat

1.18 In rekeningkunde word bates en laste soos volg hanteer:

A Bates daal aan die debietkant, laste daal aan die kredietkant
B Bates styg aan die debietkant, laste styg aan die kredietkant
C Bates en laste styg albei aan die debietkant
D Bates en laste daal albei aan die kredietkant

1.19 Dit sal in die rekeningkundige siklus plaasvind nadat die transaksies in brondokumente opgeteken is:

A Transaksies word na die algemene grootboek oorgeboek
B Proefbalans word opgestel
C Transaksies word in die joernale ingeskryf
D Finansiële state word opgestel

1.20 Wanneer items met ‘n klein waarde deur die onderneming aangekoop word, byvoorbeeld melk, word ‘n ... as brondokument gebruik om die transaksie op te teken.

A elektroniese fondsoorplasing (EFO)
B interne kantoormemo
C kleinkasbewys
D rekwisisie

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die totaal in die debiteurelys moet met die totaal in die (debiteurekontrolerekening/kredietfakture) ooreenstem.

2.1.2 'n Sake-(opstel/plan) sal aandui hoe 'n voornemende entrepreneur kapitaal wil verkry om 'n onderneming te begin.

2.1.3 Salarisse en lone wat vir die finansiële jaar betaal word, sal in die bankrekening (gedebiteer/gekrediteer) word.

2.1.4 Die (kwitansie/joernaalbewys) is die dokument wat gebruik word om die rente wat op 'n debiteur se agterstallige rekening gehef word, aan te dui.

(4 × 1) (4)

2.2 Verduidelik die volgende terme:

2.2.1 Brondokument

2.2.2 Duplikaatbelastingfaktuur

2.2.3 Debiteurekortings

2.2.4 Krediteuregrootboek

(4 × 2) (8)

2.3 Die volgende saldo's is uit die algemene grootboek van Happy Feet Agencies verrky. Beantwoord die volgende vrae in die ANTWOORDBOEK:

Bank gunstig	R28 764	Afleweringsvoertuig	R94 000
Debiteurekontrole	R52 500	Kapitaal	R85 000
Kantoortoerusting	R33 815	Krediteurekontrole	R11 320
Verbandlening	R82 353	Handelsvoorraad	R27 122

Toon ALLE berekenings:

2.3.1 Bereken die waarde van die bedryfsbates. (3)

2.3.2 Bereken die waarde van die nie-bedryfsbates. (3)

2.3.3 Watter uitwerking sal 'n wins op die eeinaarsekwiteit hê? (1)

2.3.4 Watter uitwerking sal slegte skuld op die eienaarsekwiteit hê? (1)

2.3.5 Bereken die waarde van die eienaarsekwiteit indien die eienaar van Happy Feet Agencies 'n bedrag van R3 250 vir persoonlike gebruik onttrek. (3)

Kopiereg voorbehou

2.4 Alley Katz CC verhuur ‘n kantoor aan Candyland Ltd. Die huur wat elke maand ontvang word, bedra R3 680. Die kassier, P. Paleni, het die bedrag wat vir Augustus 2024 verskuldig was op 16 Augustus ontvang, en kwitansie no. AK14 is aan die kliënt uitgereik.

Gebruik die inligting hier bo en voltooi die kwitansie in die ANTWOORDBOEK. (7)
[30]

VRAAG 3

3.1 Gebruik die rekeningkundige vergelyking en die inligting in die tabel hier onder om die ontbrekende bedrae te bereken. Toon ALLE berekeninge.

Bates	Laste	Eienaarsekwiteit
R204 520	?	R101 245
?	R16 720	R28 920
R101 789	R35 684	?

(3 × 2) (6)

3.2 ‘n Afslag vir vroeë betaling van 8% is van ‘n verskaffer ontvang, op ‘n verskuldigde bedrag van R976. Bereken die bedrag wat verskundig is nadat die afslag toegestaan is.

Toon ALLE berekenings. Rond antwoorde af tot 2 desimale. (3)

3.3 Stel die balansstaat op van Seed Pots soos op 31 Julie 2024 op grond van die inligting wat verskaf word uit die grootboeksaldo’s hier onder.

Versekering	R6 015
Langtermynlening	R9 320
Bankoortrekking	R3 650
Lone	R12 000
Kapitaal	R21 500
Voertuie	R4 995
Handelsvoorraad	R11 460

(8)

3.4 Die huidige maand is Augustus 2024. Stel die ouderdomsontleding vir ‘n debiteur op, op grond van die debiteur se krediettransaksies hier onder:

Verkope in Augustus 2024	Verkope in Julie 2024	Verkope in Junie 2024	Verkope in Mei 2024	Verkope in April 2024
R 1 220	R348	R410	R260	R0

(6)

3.5 ‘n Maandstaat is aan ‘n debiteur, CJ Khumalo, deur School Stuff Ltd uitgereik. Die staat is vir die maand geëindig 31 Julie 2024, soos hier onder aangedui:



SCHOOL STUFF LTD
Tel: 021-123456789
E-pos: schoolstuff@mail.co.za
North Road 89, Small Business Zone, 2000

Datum van staat: 31 Julie 2024 **Aan: CJ Khumalo, Main Street 7, Parks, 2000**

Datum	Besonderhede		Bedrag (R)
01 Julie 2024	Beginsaldo		1 537,00
02 Julie 2024	EFO-betaling no. 54		450,00
08 Julie 2024	Faktuur no. 432		255,00
31 Julie 2024	Kredietnota no. 76		132,00
60-90 dae	**30-60 dae**	**0-30 dae**	**Eindsaldo**
R525,00	R562	**3.5.2**	**3.5.1**

Toon ALLE berekenings. Bereken:

3.5.1 Die eindsaldo aan die einde van 31 Julie 2024 (5)

3.5.2 Die 0–30-dae (huidige) bedrag verskuldig (2)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

Tiny Treasures is ‘n onderneming wat babaklere, bababykomstighede en babameubels aan klante verkoop. Die deurlopendevoorraadstelsel word gebruik en die eienaar, M. Sesame, voeg ‘n toeslag van 55% op die kosprys van die goedere.

Gebruik die brondokumente en inligting hier onder om die transaksies in die ulpjoernale van Tiny Treasures vir Augustus 2024 op te teken:

Rond die bedrae af tot die NAASTE rand. Moet NIE die joernale afsluit nie.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(10)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(10)
4.3	Debiteurejoernaal	(4)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(2)
4.5	Krediteurejoernaal	(5)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(4)
4.7	Algemene joernaal (GEEN verduidelikings benodig nie)	(5)
		[40]

OORSPRONKLIKE KREDIETAANKOOPFAKTURE:

ONLINE BABY CO.

OORSPRONKLIKE Aankoopfaktuur no. 569



Datum: 11 Augustus 2024
Rekening no. TT1003

Aan: **Tiny Treasures** **Adres: 34 On Yellowstone, Willow Park, 4000**

Aantal	**Beskrywing**	**Bedrag**	**Bedrag**
25	Baba-waslappe	R25	R 625
15	Baby-voedingsbottels	R49	R 735
2	Trekker-eenhede vir kleuters	R999	R1 998
	TOTAALE BEDRAG VAN FAKTUUR		R3 358

Kopiereg voorbehou



My Baby Cart

OORSPRONKLIKE Aankoopfaktuur no. T54
Datum: 20 Augustus 2024
Rekening no. BC78

Aan: TINY TREASURES
Adres: 34 On Yellowstone, Willow Park, 4000

Aantal	Besonderhede	Bedrag	Bedrag totaal
12	Kortmou-beginnerstel 6–12 maande	R259	R3 108
5	Baba-donskombersies	R120	R 600
		TOTAAL:	R3 708

Dankie.

CaR BaZaaR

OORSPRONKLIKE AANKOOPFAKTUUR NO. 66
Datum: 27 Augustus 2024
Rekening no. CZ81



Aan: Tiny Treasures
Adres: 34 On Yellowstone, Willow Park, 4000

Aantal	Besonderhede	Bedrag	Bedrag
1	Afleweringsvoertuig (Maak: WV)	R189 000	R189 000
1	Voertuigwaentjie	R 26 850	R 26 850
		GROOTTOTAAL:	R215 850

Dankie vir u ondersteuning.

JOERNAALBEWYS:



TINY TREASURES
JOERNAALBEWYS No: JJV76
Datum: 10 Augustus 2024

Rente ten bedrae van R145 is op die agerstallige rekening van MR Katz gehef.

DUPLIKAATKWITANSIES:

Tiny Treasures

Kwitansie no: 93

Duplikaat



Datum: 8 Augustus 2024

Ontvang van: M Sesame

Betaling vir: Addisionele kapitaalbydrae

Die bedrag van: Twee-en-sewentigduisend rand alleen

Dankie. R72 000

Tiny Treasures

Kwitansie no: 94

Duplikaat



Datum: 16 Augustus 2024

Ontvang van: PR Golden

Betaling vir: Vereffening van rekening van R2 760. Afslag toegestaan -10%.

Die bedrag van: ?

Dankie. R ?

Tiny Treasures

Kwitansie no: 95

Duplikaat



Datum: 25 Augustus 2024

Ontvang van: Sunshine Bank

Betaling vir: Lening aansoek gedoen voor en ontvang van die bank.

Die bedrag van: Vyf-en-dertigduisend rand alleen

Dankie. R35 000

Kopiereg voorbehou

DEPOSITO'S:

SUNSHINE BANK
Duplikaat Depositostrokie 62

Datum: 8 Augustus 2024

Rekeninghouer: Tiny Treasures		Rand	Sent
	Totale kontant	8 494	00
Deponeerder se handtekening PC JACKY	Tjeks – Trekker:		
	1. M Sesame	72 000	00
Rekeningnommer:	2.		
4 3 6 7 8 2 3 0 1			
	TOTALE BEDRAG :	80 494	00

SUNSHINE BANK
Duplikaat Depositostrokie 63

Datum: 25 Augustus 2024

Rekeninghouer: Tiny Treasures		Rand	Sent
	Totale kontant	15 128	00
Deponeerder se handtekening PC JACKY	Tjeks – Trekker:		
	1. Sunshine Bank	35 000	00
Rekeningnommer:	2. PR Golden	**?**	
4 3 6 7 8 2 3 0 1			
	TOTAAL BEDRAG :	**?**	

KASREGISTERROLLE:

KRR 143

DATUM: 3-8-2024



R 8 494

KRR 144

DATUM: 24-8-2024



R 15 128

DUPLIKAATKREDIETVERKOOPSFAKTURE:

TINY TREASURES
DUPLIKAATBELASTINGFAKTUUR NO: TT45
Datum: 9 Augustus 2024
Rekening no. T25

Aan: B. Getty
Adres: Olive Straat 89, Arcadia, 0001

Aantal	Besonderhede	Bedrag	Bedrag
15	Kleutersakke	R558	R8 370
		TOTALE BEDRAG	R8 370

TINY TREASURES
DUPLIKAAT BELASTINGFAKTUUR NO: TT46
Datum: 20 Augustus 2024
Rekening no. T67

Aan: U. Jegels
Adres: Jacks Laan 23B, Fields, 4000

Aantal	Besonderhede	Bedrag	Bedrag
10	Bababottels 200ml	R62	R 620
5	Baba-groeipakkies (blou)	R496	R2 480
1	Baba-motorsitplek	R961	R 961
		TOTALE BEDRAG	R4 061

DUPLIKAATKREDIETNOTAS:

TINY TREASURES
KREDIETNOTA NO: CN21
Datum: 22 Augustus 2024
Rekening no. T67

Aan: U. Jegels
Adres: Jacks Laan 23B, Fields, 4000

Aantal	Besonderhede	Bedrag	Bedrag
2	Baba-groeipakkies (rooi)	R496	R992
	TOTALE BEDRAG		R992
	REDE: Rooi pakkies ontvang in plaas van blou.		

Kopiereg voorbehou

DEBIETNOTAS:

Datum	Debietnota-besonderhede	Krediteur	Bedrag	Rede vir terugsending
13-8-24	DN 39	Online Baby Co.	R999	Trekkereenheid verkeerde grootte
28-8-24	DN 40	Car Bazaar	R26 850	Verkeerde sleepwa-handelsmerk ontvang

TJEKTEENBLAAIE:



Datum: 6-8-2024		
Aan: Funland Ltd		
Vir: Baba-bykomstighede –- handelware		
	R	c
Bedrag	6 327	00
NO: 192		

Datum: 12-8-2024		
Aan: Mobile. Connect		
Vir: Telefoon		
	R	c
Bedrag	2 145	00
NO: 193		

Datum: 20-8-2024		
Aan: Bambino CC		
Vir: Betaling van rekening – 5% afslag gegee vir vroeë betalings		
	R	c
Bedrag	5 035	00
NO: 194		

Datum: 23-8-2024		
Aan: Kontant		
Vir: M. Sesame middagete – R 500 Lone – R1 000		
	R	c
Bedrag	**?**	
NO: 195		

Datum: 29-8-2024		
Aan: Book Nook CC		
Vir: Penne, potlode en notaboeke vir kantoorgebruik		
	R	c
Bedrag	485	00
NO: 196		



Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Little Explorers Traders het die volgende inligting uit hulle joernale op 31 Julie 2024 verskaf.

Die volgende saldo's het in die boeke van Little Explorers Traders op 1 Julie 2024 verskyn:

Bank (Dt)	R7 000
Debiteurekontrole	R8 250
Skryfbehoeftes	R1 870
Huurinkomste	R1 100

GEVRA: Boek die totale vanaf die joernale na die volgende Algemenegrootboek-rekeninge oor:

5.1 Bank (Balanseer) (6)

5.2 Debiteurekontrole (Balanseer) (8)

5.3 Verkope (2)

5.4 Koste van verkope (3)

5.5 Skryfbehoeftes (4)

5.6 Huurinkomste (2)

INLIGTING: Totale van joernale op 31 Julie 2024:

KREDITEUREJOERNAAL	**KJ**
Krediteurekontrole	R14 391
Handelsvoorraad	R9 120
Toerusting	R1 940
Skryfbehoeftes	R2 345
Diverse rekenings	R986

KREDITEUREKORTINGSJOERNAAL	**KKJ**
Krediteurekontrole	R3 338
Handelsvoorraad	R2 842
Skryfbehoeftes	R310
Diverse rekenings	R186

DEBITEUREJOERNAAL	**DJ**
Debiteurekontrole	R21 654
Verkope	R21 654
Koste van verkope	R14 934

Kopiereg voorbehou

DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL	DKJ
Debiteurekontrole	R3 890
Debiteurekortings	R3 890
Koste van verkope	R2 683

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL	KOJ
Bank	R24 270
Verkope	R12 275
Koste van verkope	R8 465
Debiteurekontrole	R5 645
Afslag toegestaan	R420
Huurinkomste	R3 560
Diverse rekenings	R3 210

KONTANTBETALINGSJOERNAAL	KBJ
Bank	R29 605
Handelsvoorraad	R18 560
Krediteurekontrole	R4 320
Skryfbehoeftes	R3 230
Diverse rekenings	R3 495

ALGEMENE JOERNAAL	AJ	
	Debiete	Krediete
Debiteurekontrole	R175	
Krediteurekontrole		R152

5.7 Die volgende transaksies het met Mini Marvel CC, 'n krediteur, in Julie 2024 plaasgevind. Mini Marvel CC se beginsaldo van Little Explorers Traders Krediteuregrootboek word hier onder gegee:

MINI MARVEL CC		C10
DATUM	BESONDERHEDE	RAND
01/7/2024	Balance	R7 862

Transaksies:

- Little Explorers Traders het op 9 Julie 2024 R3 923 aan Mini Marvel CC betaal.
- Foutiewe goedere ter waarde van R830 is op 17 Julie 2024 aan Mini Marvel CC teruggestuur.

GEVRA: Toon ALLE berekenings:

5.7.1 Bereken die bedrag wat op 30 Julie 2024 aan Mini Marvel CC verskuldig is. (4)

5.7.2 Watter brondokument is deur Little Explorer ontvang vir die transaksie op 17 Julie 2024? (1)

[30]

VRAAG 6

Die volgende saldo's het in die proefbalans van Toys Are Fun verskyn vir die jaar geëindig 30 Junie 2024.

GEVRA: Stel die volgende op:

6.1 Die wins-en-verliesrekening vir die jaar geëindig 30 Junie 2024.

LET WEL: Die bruto wins vir die jaar geëindig 30 Junie 2024 is R220 255, omdat die handelsrekening reeds afgesluit is. (11)

6.2 Die balansstaat soos op 30 Junie 2024. (15)

6.3 Die aantekening by die balansstaat vir Kapitaal. (4)

Proefbalans van Toys Are Fun soos op 30 Junie 2024			
REKENINGE	**FOL.**	**DEBIET**	**KREDIET**
Kapitaal (1 Julie 2023)	B1		430 000
Onttrekkings	B2	5 910	
Grond en geboue	B3	350 000	
Toerusting	B4	25 800	
Debiteurekontrole	B5	21 360	
Handelsvoorraad	B6	35 700	
Bank			7 500
Kleinkas	B7	57 430	
Los kontant	B8	2 550	
Vaste deposito: Local Bank (6,5%)	B9	100 000	
Krediteurekontrole	B10		13 960
Verkope	N1		325 870
Koste van verkope	N2	101 940	
Debiteurekortings	N3	3 675	
Water en elektrisiteit	N4	5 790	
Salarisse	N5	64 750	
Brandstof	N6	5 985	
Bemarking	N7	2 980	
Rente op vaste deposito	N8		6 500
Afslag toegestaan	N9	1 560	
Huur ontvang	N10		2 450
Bankkoste	N11	850	
		786 280	**786 280**

[30]

VRAAG 7

Wonder Kidz CC verkoop kinderskoene. Hulle gebruik die deurlopende voorraadstelsel en voeg ‘n prystoeslag van 40% by die kosprys.

Toon die uitwerking van die volgende transaksies op die rekeningkundige vergelyking EN die brondokument wat gebruik word. Dui ‘n styging met (+) aan en ‘n daling met (-) en geen uitwerking met (0).

VOORBEELD:

1. Herstelwerk is aan die afleweringsvoertuig gedoen. Betaling is aan Mech Dealers gedoen deur EFO no. 658, vir R1 356.

No.	Brondokument	Algemene grootboek		Bates	Eienaarsekwiteit	Laste
		Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer			
1.	EFO bewys van betaling	Herstelwerk	Bank	-R1 356	-R1 356	0

7.1 Die eienaar van Wonder Kidz CC het die rekeningeklerk gevra om ‘n elektroniese fondsoorplasing (EFO) ten bedrae van R4 788 na die eienaar se persoonlike bankrekening te doen vir persoonlike gebruik. (5)

7.2 ‘n Bedrag van R5 300 is per direkte deposito van ‘n klant ontvang, wie se rekening voorheen as slegte skuld afgeskryf is. (5)

7.3 ‘n Kredietnota no. JK67 is aan ‘n kredietklant, P.J. Simba, uitgereik vir goedere teruggestuur omdat dit die verkeerde grootte was, vir ‘n bedrag van R980. (5)

7.4



JOLLY JACKS OORSPRONKLIKE
AANKOOPFAKTUUR NO:223

Datum: 30 Junie 2024
Rekening no. JJ39

Aan: Wonder Kidz CC
Adres: Rainbow Road 45, Fields, 6000

Aantal	Besonderhede	Bedrag	Bedrag
50	Sagte leersandale (Voorraad)	R420	R21 000
		TOTALE BEDRAG	R21 000

(5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou